AGRI SA KORPORATIEWE DVD'S



Agri SA het gedurende 2008 begin om sy kommunikasie poging aan grondvlakstrukture op te skerp deur DVD's beskikbaar te stel aan boerevereningings. Die DVD's word deur Agri SA se provinsiale affiliasies na boereverenigings versprei. Kopië daarvan word ook aan bedryfsorganisasies en lede van die LBK beskikbaar gestel.

Die doel van die DVD's is om grondvlakstrukture ingelig te hou oor belangrike sake waarmee Agri SA handel in belang van die landbou. Dit gee ook aan grondvlakstrukture die geleentheid om nadat hulle 'n DVD besigtig het terugvoer aan Agri SA daaroor te gee.

DVD's tans beskikbaar is:

- **Agri SA voorkeur organisasie vir die boer**
  Die DVD werp lig op Agri SA se struktuur, en sy betrokkenheid in belang van landbou in nasionale- en internasionale organisasies.

- **Agri SA kongres / Motiveringsvideo**
  Agri SA se jaarlikse kongres vind plaas gedurende Oktober. Dié DVD hanteer van die belangrikste besprekingspunte en besluite wat tydens die kongres geneem is.

  Ds Nico van Rensburg van die NG-Gemeente Helikonpark het 'n motiveringsboodskap aan die kongresgangers gebring. Navraag hieroor het alle verwagtinge oortref en is daar besluit om dié boodskap as aparte snit by die Kongres DVD in te sluit.

DVD's binnekort beskikbaar

- Nuwe strukture, kragtige kommunikasie

  Die DVD handel oor Agri SA se Landboustandpunte en nuwe beleidskomiteestelsel.

Indien u nog nie insae in die DVD's gehad het nie, doen gerus navraag by u provinsiale affiliasie.

Agri SA navrae kan gerig word aan Thea Liebenberg 012-300 9500 of thea@agrisa.co.za